kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Wanneer lag ons?

Skriflesing: Psalm 126

Broodjies vir die pad

"But I talk about my life anyway because if, on the one hand, hardly anything could be less important, on the other hand, hardly anything could be more important. My story is important not because it is mine, God knows, but because if I tell it anything like right, the chances are you will recognize that in many ways it is also yours. Maybe nothing is more important than that we keep track, you and I, of these stories of who we are and where we have come from and the people we have met along the way because it is precisely through these stories in all their particularity, as I have long believed and often said, that God makes himself known to each of us most powerfully and personally. If this is true, it means that to lose track of our stories is to be profoundly impoverished not only humanly but spiritually."
— Frederick Buechner, Listening to Your Life: Daily Meditations with Frederick Buechne

"If you wish to glimpse inside a human soul and get to know a man, don't bother analyzing his ways of being silent, of talking, of weeping, of seeing how much he is moved by noble ideas; you will get better results if you just watch him laugh. If he laughs well, he's a good man."
— Fyodor Dostoevsky

"You have as much laughter as you have faith."
— Martin Luther

"I did not see anything because I was so caught up in an inner dialogue. So, stop and see. Become more sensitive, more aware, more alive to our own humanness, to the humanness of each other."
— Frederick Buechner, The Remarkable Ordinary: How to Stop, Look, and Listen to Life

Nuwe Bybel is g'n 'papierpous'

Anton van Niekerk

Eersdaags word 'n nuwe Afrikaanse Bybelvertaling in gebruik geneem. Dis 'n enorme prestasie.

Terwyl die eerste Afrikaanse Bybel in 1933 vertaal is deur nie meer nie as tien mansteoloë, was daar dié keer nie minder nie as 142 mense betrokke – onder wie (vir die eerste keer) 'n hele aantal vroue. Dis ook die eerste keer dat alle- kerke wat die Afrikaanse vertaling gebruik, saamwerk. Dit het 15 jaar geduur en 'n taamlik komplekse metode is gevolg, met talle komitees en kruis-kontroles.

Dit is nie 'n letterlike vertaling van die Bybel nie, maar ook nie so gevul met "vryer" interpretasies soos die 1983-vertaling nie. Dit beweeg doelbewus nader aan die Hebreeuse en die Griekse brontekste. Daar is talle toeligtings en verduidelikings in voetnote. Dit is asof die vertalers die lesers baie meer in hul vertroue neem oor die dele waar die bronteks onduidelik of gekorrupteer is, of waar dit nie duidelik is of 'n teksdeel wel deel van die bronteks uitmaak nie, soos die afsluitende lofprysing van die "Onse Vader".

Prof. Bernard Combrinck, projekleier van hierdie duiselingwekkende onderneming, en sy span moet van harte gelukgewens word met die prestasie. Terselfdertyd, as 'n mens die deeglikheid en omvang van alles onder oë kry, duik die vraag opnuut op: Wat is die Bybel en waarom is dit so belangrik?

Die wêreldletterkunde is onvoorstelbaar sonder al die Bybelse verwysings wat daarin voorkom. Dink byvoorbeeld net aan Thomas Mann se herskryf van die Josef-geskiedenis in sy bekendste roman. Vir Christene is die Bybel veel meer as 'n noodsaaklike bron van literêre verwysings, maar die versameling van gesaghebbende getuienisse oor wat die Nederlandse teoloog Herman Bavinck die "magnalia Dei" (die groot dade- van God) noem.

Die Bybel kom op uit die belydenis dat God beslissend gehandel het in die geskiedenis en dat ons Hom kan ken op sterkte van daardie geopenbaarde handelinge. Hulle is opgeskryf oor 'n tydperk van byna 1 000 jaar deur gewone mense wat ook foute kon maak (en gemaak het!). Die nieverhalende dele van die Bybel is profetiese, apokaliptiese, asook (soos in die Psalms en Job) poëtiese toeligtings van hierdie "groot dade-".

Christene bely die gesag van die Bybel op grond van die oortuiging dat God Self die kerk gelei het om na aan die begin van ons jaartelling die 66 kanonieke boeke – grootliks soos ons dit vandag steeds het – as die geopenbaarde Heilige Skrif van die Christendom te aanvaar.

Nou lê daar 'n nuwe vertaling van hierdie oeroue en vir vele mense absoluut gesaghebbende teks voor ons. Beteken dit dat Christene mekaar voortaan makliker sal vind noudat ons 'n beter gefundeerde teks lees? Ongelukkig nie.

Die teks "praat nie vanself" met ons nie. Die Bybel is nie, soos Karl Barth gesê het, 'n "papierpous" wat, asof in orakels, ondubbelsinnig betekenisvolle uitsprake maak nie. Die Bybel moet gelees en geïnterpreteer word. Daardie interpretasies word beslissend beïnvloed, nie slegs deur die (selfs pragtig nuut vertaalde) teks nie, maar deur die historiese belewenisse en waarderaamwerk van elke tyd se lesers van die Bybel.

Dit beteken ongelukkig nie alles is skielik glashelder nie. In die 1980's is sowel die NG Kerk se "Kerk en Samelewing" as die VGK se Belhar-belydenis albei hartstogtelik deur hierdie kerke op die Bybel gegrond.

Genadiglik skei historiese ervarings en verwikkelinge wel uiteindelik die waarheid van die leuen. Dit kom wel nie maklik

nie.

Die Bybel het baie antwoorde, maar ons soeke na daardie antwoorde roep eweneens baie en nuwe vrae op.

** Van Niekerk is 'n professor in filosofie aan die Universiteit Stellenbosch.*

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/nuwe-bybel-is-gn-papierpous-20201109

"Inspiration is always a surprising visitor."
— John O'Donohue, Anam Cara: A Book of Celtic Wisdom

"Practice routinely purposeful kindnesses and intelligent acts of beauty."
— Dallas Willard, The Divine Conspiracy: Rediscovering Our Hidden Life In God

"It is a strange and wonderful fact to be here, walking around in a body, to have a whole world within you and a world at your fingertips outside you. It is an immense privilege, and it is incredible that humans manage to forget the miracle of being here. Rilke said, 'Being here is so much,' and it is uncanny how social reality can deaden and numb us so that the mystical wonder of our lives goes totally unnoticed. We are here. We are wildly and dangerously free."
— John O'Donohue

Today mythical thinking has fallen into disrepute; we often dismiss it as irrational and self-indulgent. But the imagination is also the faculty that has enabled scientists to bring new knowledge to light and to invent technology that has made us immeasurably more effective. Karen Armstrong

"What if Jesus was not offering his followers an ethical system to follow, but rather was inviting them to enter into a life of love that transcends ethics, a life of liberty that dwells beyond religious laws? The difference between following an ethical system and being consumed by love can be seen in the way that ethical systems seek to provide a way to work out what needs to be done so that it can be carried out. In contrast, love is never constrained, it never sits back, it always seeks to do more than what is demanded of it."
— Peter Rollins, The Orthodox Heretic And Other Impossible Tales

---

Brood vir die pad

In diesen heiligen Hallen

(Vir Marlise)

Pieter van der Westhuizen

Maandagoggend net voor sewe laai Amanda my by die voordeur van die Vergelegen Medi Kliniek in Somerset-Wes af. Mede-gemaskerdes spuit my hande skoon, neem my temperatuur en vra die gewone vrae oor simptome en mense met wie ek in aanraking was. Dan word ek na die aanmeldtoonbank gewys. Weer vrae, fotokopieë van dokumente en ID-dokument en dan per rolstoel na die harteenheid waar my pasaangeër vandag ingeplant word. Gelukkig is 'n volle narkose nie my voorland nie.

In die rolstoel, al swenkende deur die gange, wonder ek oor die skilder/digter/skrywer wat ook vanoggend op Stellenbosch aanmeld vir ortopediese sjirurgie. Sy moes seker ook vorms invul, vrae antwoord en dokumente verskaf. Miskien is sy ook per rolstoel na haar bed geneem. Deur my privaatsaal se venster het ek 'n baie mooi uitsig op die agterkant van Helderberg. Ek wonder of sy ook 'n venster het om deur te kyk en of sy ook 'n berg kan sien.

In die saal moet 'n man nog baie vrae beantwoord en handtekeninge verskaf. Hulle neem ook bloedmonsters en urinemonsters en meet jou bloeddruk en hartspoed. Hulle vra ook jou lengte en gewig. Weet jy nie, het hulle 'n skaal en maatband byderhand. Deur al die bedrywigheid kry ek darem kans om my nagtassie uit te pak en te kyk hoe die sluitkassie vir my horlosie, beursie en selfoon werk.

Intussen dwaal my gedagtes weer na die vriendin in Stellenbosch met wie ek toevallig hierdie oggend se wedervarings deel. Is sy al klaar met vrae en vorms? Is haar tassie uitgepak? Was sy al tevore in die hospitaal vir hierdie soort operasie? Sy gaan 'n volle narkose hê wat 'n nag in intensiewe of hoë sorg beteken. Weet sy van die slapelose nag wat voorlê met meters aan die vingers, die bloeddrukmasjien aan die een arm wat elke kort-kort oppomp? Ken sy die lappantoffels aan die voete wat reëlmatig opswel om te verhoed dat jy nie bloedklonte in die bene ontwikkel nie? Ken sy die troos van 'n slukkie koue water uit die deurnagsuster se strooitjie?

Het die oomblik van waarheid ook reeds vir die digter/skrywer/skilder aangebreek? Daardie oomblik as al die formaliteite afgehandel is en hulle die operasieklere in jou hand stop en sê: "Trek aan en klim solank in die bed."

Nou is die koeël deur die kerk en die gort gaar. Omdraai is daar nie meer nie. Jy trek jou klere uit en hang dit in die kas. Die blou (soms groen) agterstevoor japon trek jy aan. Hy pas gewoonlik nie, maar watwou, dra moet jy hom dra. Die strikkie agter die rug kan jy ook nie vasmaak nie. Iemand sal moet help. Stap jy vir oulaas toilet toe, gryp jy met een hand die lappante agter jou rug tesame om die uitsig – of is dit insig? – tot so min as moontlik te beperk.

Dan trompetteer die "wit broederskap van bene" uit Eybers se gedig, "Wespark", luid in jou agterkop. Tog, hier gaan dit nie oor lyke nie, maar oor party nog-lewendes. Synde Pous, , Vladimir Putin, die heer Macron of 'n bergie op die Kaapse parade, die Groot Gelykmaker is hier: vormloos, sonder enige duidelike voor- of agterkant, knap om die bobene en opkruipend in private liggaamskontoere, jou eie, persoonlike blou papierbloemer. Sonder hierdie uniform van finale ontmensliking aan jou lyf kan die bas-bariton maar sing dat hy blou word in die gesig, jy sal die gereinigde kilte van die moderne sjirurgie se "heiligen Hallen" nie mag betree nie.

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877